



HOOFSTUK 7 : Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings



7

HOOFSTUK 7:

SAMEVATTING,

GEVOLGTREKKING EN

AANBEVELINGS.

Inhoudsopgawe

7	HOOFSTUK 7: Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings. ...	206
7.1	Inleiding en teoretiese begronding.....	207
7.2	Navorsingsdoelstellings	209
7.3	Elkeen van die doestellings is deur een van die volgende artikels aangespreek:.....	209
7.4	Samevatting van elke artikel.....	210
7.5	Leemtes in die navorsing.....	212
7.6	Aanbevelings	213
7.7	Bydrae tot die wetenskap	214
7.8	Bibliografie.....	216

7.1 INLEIDING EN TEORETIESE BEGRONDING

Die titel van die studie is: Riglyne vir 'n perseptueel-motoriese intervensieprogram om die leergereedheid van Graad-R-leerders te verhoog.

Vroeë kinderontwikkeling sluit verskeie begrippe in, onder andere selfregulerende vaardighede soos konsentrasie- en deursettingsvermoë wat deel uitmaak van gereedheid vir leer (Van Zyl, Le Roux & Janse van Rensburg 2011). Dit is noodsaaklik dat kinders gebalanseerd ontwikkel op alle gebiede rakende die kognitiewe, fisieke, emosionele en sosiale ontwikkeling areas (Kartal, 2007:544). Indien kinders in gedepriveerde omstandighede woon en ontwikkel kan hulle agterstande hê wat kan veroorsaak dat hulle nie skoolgereed is met toetrede tot formele onderrig nie. Die belangrikheid van skool- en leergereedheid wanneer leerders met basiese skoolopleiding begin kan nie genoeg beklemtoon word nie (de Witt, 2009:169). In die studie is gekonsentreer op die perseptueel-motoriese ontwikkeling as deel van Graad-R-leerders se holistiese skoolgereedheidsontwikkeling.

In hoofstuk 1 word die beplanning van die studie uiteengesit. In hierdie studie is die sosiale verwaarlosingsteorie (Social Deprivation Theory) as teoretiese begronding vir die navorsing gebruik (sien figuur 3 in hoofstuk 1). Hierdie teorie kom sterk na vore in die bekende UNICEF-verslag van Minujin & Delamonica (2005). Die Suid Afrikaanse situasie waarin dié navorsing gedoen is, word deur hierdie teorie bevestig, aangesien byna die helfte van alle kinders in Suid-Afrika in omstandighede van sosiale verwaarlosing grootword. Bronfenbrenner se bio-ekologiese benadering sluit hierby aan en wys op die invloed wat die gemeenskap het waarin jong kinders groot word.

Die benadering van Bronfenbrenner word voorgestel as drie stelsels in die vorm van sirkels – binne is die mikro stelsel (huisgesin, familie, skool, vriende), die middel sirkel is die eko stelsel (bure , welsyn-, gesondheid dienste, -, onderwys,) en die buite-sirkel is die makro stelsel (breë demografiese gemeenskap – politiek, ekonomie, sosiale waardes.). Die individu/kind is in die middel en alle wisselwerkings tussen die stelsels het 'n invloed op die kind (sien figuur 1 bladsy 52).

Figuur 1.2 en 1.4 (hoofstuk 1, p 17 & 22) dui op die epistemologiese tuiste van die studie waarin Positiewisme (kwantitatief) en die oorvleueling van Kritiese teorie (bemagtend, kapasiteitbouend) en interpretiwisme (begrypend, verklarend) saamvloei in data triangulering.

In hoofstuk 2 is 'n literatuur oorsig gedoen oor vroeë kinderontwikkeling en brein ontwikkeling fases van die jong kind (Sien figuur 2 hoofstuk 2, p 60). Die Suid Afrikaanse konteks rakende vroeë kinderontwikkeling en die agtergrond en waarde van intervensieprogramme is toegelig.

Die studie is onderneem om lig te werp op probleem dat baie Graad-R-leerders, maar veral uit gedepriveerde omgewings, nie skoolgereed is met toetrede tot formele onderwys in Graad-1 nie. Die volgende navorsingsvrae het uitgekristaliseer:

1. Wat is die huidige tekortkominge in die Suid Afrikaanse onderwysstelsel wat mag verhoed dat Graad-R -leerders leergereed is en/of word?
2. Watter perseptueel-motoriese tekortkominge ervaar Graad-R-leerders uit gedepriveerde omstandighede wat leergereedheid kan inperk?
3. Wat is die effek van 'n perseptueel-motoriese intervensieprogram as hulpmiddel tot leergereedheid vir Graad-R-leerders uit gedepriveerde gebiede.
4. Watter tekortkominge is daar in die perseptueel-motoriese vaardighede van Graad-R-leerders in gedepriveerde omstandighede in Suid Afrika en kan riglyne ter verbetering voorgestel word?

7.2 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Die doel van die studie was die volgende:

1. Om te bepaal wat die huidige tekortkominge in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is wat mag verhoed dat Graad-R-leerders leergereed is.
2. Om te bepaal watter vaardigheid agterstande Graad-R-leerders ervaar, wat binne die raamwerk van die verwaarlosingsteorie val, wat leergereedheid kan inperk.
3. Om te bepaal of intervensie deur middel van 'n perseptueel-motoriese bewegingsprogram in die Graad-R -jaar, die leergereedheid van voorskoolse leerders betekenisvol kan bevorder.
4. Om te bepaal watter tekortkominge daar is in die perseptueel-motoriese vaardighede van Graad-R-leerders in gedepriveerde omstandighede in Suid Afrika en intervensie riglyne ter verbetering.

7.3 ELKEEN VAN DIE DOESTELLINGS IS DEUR EEN VAN DIE VOLGENDE ARTIKELS AANGESPREEK:

- Artikel 1:** Tekortkominge vanuit onderwysgeledere met betrekking tot perseptueel-motoriese leer gereedmaking van Graad-R -leerders (sien hoofstuk 3).
- Artikel 2:** Perseptueel-motoriese tekortkominge by 'n groep Graad-R -leerders uit 'n gedepriveerde omgewing in Suid Afrika (sien hoofstuk 4).
- Artikel 3:** Die effek van 'n perseptueel-motoriese intervensieprogram op Graad-R -leerders uit gedepriveerde gebiede as hulpmiddel tot leergereedheid (sien hoofstuk 5).
- Artikel 4:** Tekortkominge in die perseptueel-motoriese vaardighede van Graad-R-leerders in gedepriveerde omstandighede in Suid Afrika en intervensie riglyne ter verbetering (sien hoofstuk 6).

7.4 SAMEVATTING VAN ELKE ARTIKEL.

7.4.1 Artikel 1: Tekortkominge vanuit onderwysgeledere met betrekking tot perseptueel-motoriese leer gereedmaking van Graad-R-leerders.

Die vlak van leergereedheid waaroor leerders beskik as hulle met formele onderrig begin, word bepaal deur onder andere die perseptueel-motoriese stimulasie wat leerders in die voorskoolse fase ontvang het. Die doel van hierdie artikel was om die moontlike fisieke tekortkominge in die onderwysstelsel te bepaal wat perseptueel-motoriese ontwikkeling en skoolgereed van leerders kan strem. Leergereedheid van leerders kan beïnvloed word deur die kennis en onderrigvaardigheid van onderwysers, die onderwyser/kind ratio, beskikbaarheid van onderrighulpmiddels en apparaat, beskikbare ruimte en tyd toegeken vir bewegingsaktiwiteite. Inligting van die ligging van skole, leerdergetalle en kwalifikasies van onderwysers en hulpmiddels wat by skole beskikbaar is, is deur 'n vraelys ingesamel.

Skole in ontwikkelde- en gedepriveerde gebiede in die wyer Potchefstroom area is geselekteer. Altesaam 31 skole met Graad-R-klasse en 51 Graad-R-onderwysers het aan die navorsing deel geneem. Die resultate van die studie toon dat Graad-R-onderwysers nie voldoende en toepaslik opgelei is vir vroeë kinderontwikkeling behoeftes in die onderwyspraktik nie. Skole is ondervoorsien van hulpmiddels en apparaat.

Die aanbeveling is dat onderwysers in-diens opleiding oor onderrig in Graad-R ontvang en dat die Onderwys Departement skole beter toerus met hulpmiddels en apparaat. Kwintiel 1 en 2 skole het die grootste nood in die verband.

7.4.2 Artikel 2: Perseptueel-motoriese tekortkominge by 'n groep Graad-R-leerders in Suid Afrika uit 'n gedepriveerde omgewing.

Die doel van die artikel was om perseptueel-motoriese tekortkominge by Graad-R leerders uit 'n gedepriveerde gebied te bepaal. Volgens die teorie van Bronfenbrenner het die bio-ekologiese konteks waarin leerders hul bevind, 'n invloed op hul ontwikkeling. Perseptueel-motoriese ontwikkeling en vaardighede speel 'n deurslaggewende rol in skool- en leergereedheid. Graad-R-leerders (N=48) tussen

vyf jaar en vyf jaar ses maande uit twee gedepriveerde laerskole (kwintiel 1 en 2) het aan die navorsing deelgeneem.

Le Roux se Groeptoets vir Skoolgereedheid (Sonnekus & Le Roux, 1995) is as meetinstrument gebruik. Die toets meet visuele persepsie, ruimtelike oriëntering, getalbegrip, taal en ervaring, ouditiwe persepsie, fynmotoriek en grootspierkoördinasie. Die uitslag van die toets toon dat geen leerder skoolgereed was nie. Visuele persepsie het die grootste agterstande getoon. Gebrek aan stimulasie en swak sosio-ekonomiese leefwyses van leerders speel 'n rol in leerders se skool- en leergereedheid. Die bevindinge wek kommer oor die aard van die skool- en leergereedheidsprogramme wat in hierdie Graad-R-klasse gevolg word.

Die aanbeveling is dat 'n perseptueel-motoriese intervensieprogram aangebied word wat die skool- en leergereedheidagterstande by Graad-R-leerders kan aanspreek. Die program wat in hierdie studie ontwikkel en aangebied is, kan dien vir opleiding van onderwysers (sien bylaag C).

7.4.3 Artikel 3: Die effek van 'n perseptueel-motoriese intervensieprogram op Graad-R -leerders uit gedepriveerde gebiede as hulpmiddel tot leergereedheid.

Die informele aanslag van die Graad-R -jaar is ideal om tekortkominge by leerders te identifiseer voor die aanvang van formele onderrig. Navorsing bewys dat vroeë intervensieprogramme impak het om agterstande te identifiseer, probleme te oorkom en latere leerhindernisse te voorkom (Reynolds, Temple & Ou, 2003: 634). Perseptuele ontwikkeling is 'n integrale deel van leergereedheid en daarom moet jong kinders voldoende stimulasie kry om tot hul volle potensiaal te ontwikkel. De Witt (2009: 170) verwys na skool- en leergereedheid as die vlak van ontwikkeling wat aspekte van fisieke, kognitiewe, affektiewe, normatiewe, sosiale, kulturele en geletterdheid gereedheid insluit. Die vermoë om in 'n skoolomgewing aan te pas verg sosiale vaardighede en emosionele selfstandigheid (Kapp, 2008:192). Volgens Blair (2002) is kinders gereed vir skooltoetrede as hulle die nodige vaardighede het om inligting te verstaan en te organiseer. Ontwikkeling by jong kinders verloop normaalweg in bepaalde volgorde, waarvan elke stap die basis vorm van opvolgende stappe. . Die doel van hierdie navorsing was om die effek van 'n perseptueel-motoriese intervensieprogram by Graad-R-leerders die ouderdom van tussen 5 en 5 ½ jaar, uit gedepriveerde gebiede, te bepaal. Die Le Roux skoolgereedheidstoets is

as meetinstrument gebruik om die skoolgereedheid van twee groepe Graad-R -leerders te bepaal. 'n Eksperimentele groep (N = 21) het die perseptueel-motoriese intervensieprogram van tien weke gevolg, terwyl 'n kontrolegroep (n = 27) geen intervensie ondergaan het nie. 'n Gemengde navorsingsmetode is gevolg met 'n interprevistiese navorsingsontwerp. Die resultate van die skoolgereedheidstoets is as kwantitatiewe inligting verwerk. Kwalitatiewe inligting is uit onderhoude met onderwysers en deur waarneming by die twee skole verkry. Die resultate het getoon dat die perseptueel-motoriese program tot 'n merkbare verbetering in die groep Graad-R -leerders se skoolgereedheid bygedra het.

Die effek wat die perseptueel-motoriese intervensieprogram by Graad-R-leerders uit gedepriveerde gebiede gehad het, bewys dat vroegtydige intervensie bydra tot leergereedheid (sien bladsy 150-172).

7.4.4 Artikel 4: Tekortkominge in die perseptueel-motoriese vaardighede van Graad-R-leerders in gedepriveerde omstandighede in Suid Afrika en intervensie riglyne ter verbetering

Navorsing wat onderneem is om die effek van 'n perseptueel-motoriese intervensieprogram by Graad-R-leerders uit gedepriveerde gebiede te bepaal, bewys dat vroegtydige intervensie kan bydra tot perseptueel-motoriese leergereedheid van leerders uit gedepriveerde gemeenskappe (Fontaine, Torre, Grafwallner 2004). 'n Gemengde navorsingsmetode is gevolg met 'n interprevistiese navorsingsontwerp. Die resultate van die skoolgereedheidstoets was as kwantitatiewe inligting verwerk. Kwalitatiewe inligting is uit onderhoude met onderwysers en waarneming deur die navorser by die skole verkry. Ten einde is bevind dat die perseptueel-motoriese intervensieprogram wat deur die eksperimentele groep gevolg is, 'n positiewe uitwerking op die skoolgereedheid van die betrokke groep Graad-R-leerders gehad het nadat die program vir 10 weke aangebied was.

7.5 LEEMTES IN DIE NAVORSING

Hierdie studie is gedoen met 'n beskikbaarheid steekproef. Die aantal deelnemers aan die navorsing was 'n beperkte groep en uit een demografiese area. Bevindinge

kan egter tot 'n mate veralgemeen word omdat internasionale literatuur die proses en bevindinge ondersteun.

Die meetinstrument wat in die navorsing gebruik was, was tydens gebruik net in Afrikaans en Engels beskikbaar. Dié problem kon in hierdie studie oorbrug word omdat die hoofnavorser Sesotho magtig is (die onderrigtaal van die eksperimentele groep). Intussen is die skoolgereedheid toets van Le Roux in van Suid Afrika se swart tale vertaal en aangepas om by sulke leerders se konteks en kultuuragtergrond aan te pas deur die navorsers Le Roux, van Rensburg en van Zyl.

7.6 AANBEVELINGS

- Die intervensieprogram kan vir langer as 10 weke geïmplementeer word wat moontlik groter impak op die leergereedheid van Graad-R-leerders kan hê.
- 'n Groter groep leerders kan gebruik word, uit meer skole en in verskeie demografiese areas.
- Onderwysers van die navorsingsgroepe moet instaat gestel word om die program aan te bied. Dit beteken dat hul voor die intervensie in 'n werkswinkel met die program vertrouwd gemaak moet word, asook bemaatig moet word met die maak van die apparaat en hulpmiddels wat in die intervensie gebruik gaan word.
- Die intervensieprogram kan verfyn word om die impak op verskillende vlakke van skool- en leergereedheid van Graad-R-leerders te hê, bv emosioneel, sosiaal en kognitief.
- Die meetinstrument moet beskikbaar wees in die betrokke groep leerders se moedertaal met toepaslike konteks en kultuur agtergrond.
- Indien die navorsing herhaal sou word, word aanbeveel dat die navorser vir minstens twee weke voor die program geïmplementeer word, die deelnemende leerders besoek op informele vlak om 'n vertrouens verhouding te bou.
- Werksinkels vir belangstellende onderwysers uit kwintiel 1 en 2 skole kan gehou word, waar hulle gewys word om hulpmiddels van natuurlike en hersirkuleerbare materiale te maak. Dit kan onderwysers in staat stel om leerders te stimuleer en die basiese beginsels van die intervensieprogram te implementeer.

- Om so 'n projek met sukses te implementeer behoort opvolg besoeke aan die opgeleide onderwysers te bring te word om verder leiding te gee met die gereedmaking van Graad-R leerders.
- Aanvanklik kan 'n beperkte getal onderwysers van byvoorbeeld 5 skole geneem word sodat hulle weer omliggende skole se onderwysers touwys maak volgens die afwentelingsbeginsel.
- Alhoewel die KAV (Kurrikulum en Assessering Verklaring) duidelike riglyne gee oor bewegingsopvoeding en speletjies om perseptuele vaardigheid, lokomotoriese ontwikkeling, balans en lateraliteit te bevorder, aanbeveel, word dit nie altyd in die praktyk toegepas nie. Dit is te wyte daaraan dat Graad-R onderwysers nie toepaslik opgelei is nie en ook as gevolg van gebrek aan apparate en hulpmiddels. Die genoemde werkwinkels kan moontlik bydra dat die KAV beter geïmplementeer kan word.

7.7 BYDRAE TOT DIE WETENSKAP

Die fenomeen wat Krities Interpretivisties onder die soeklig gekom het, is dat veral Graad-R-leerders uit gedepriveerde gebiede nie skoolgereed is met toetrede tot die formele onderrig situasie in Graad-1 nie. Daar is bevind dat hierdie leerders veral perseptueel-motoriese agterstande het. 'n Faktor wat bydra tot die agterstande wat Graad-R-leerders uit gedepriveerde omstandighede het, is die feit dat van die onderwysers wat aangestel word om Graad-R-klasse te onderrig, nie toepaslike opleiding het nie. 'n Perseptueel-motoriese program is ontwikkel en aangebied. Hierdie fenomeen is veral in die Suid Afrikaanse konteks vanuit die Sosiale Verwaarloosings teorie van toepassing by kwintiel een en twee skole. Die empiriese navorsing van hierdie studie is by 'n kwintiel een (eksperimentele groep) en twee (kontrole groep) gedoen.

Die positiewe uitwerking tot verbeterde leergereedheid van die Graad-R-leerders van die eksperimentele groep wat na die intervensie in die resultate na vore gekom het, bewys dat hierdie program tot voordeel van leerders gebruik kan word. 'n Volgende bevinding van die studie is dat Graad-R-klasse (veral in kwintiel een en twee skole) swak toegerus is met apparate om perseptueel-motoriese ontwikkeling te stimuleer.

Onderwysers met ontoepaslike opleiding en gebrek aan toerusting en hulpmiddels kan bemagtig word deur die werksinkels by te woon om hul eie apparate en hulpmiddels te maak op ekonomies bekostigbare wyses. In die aanbevelings is die opleiding van onderwysers om hulle toe te rus om die program toe te pas en ook nodige apparaat te maak bespreek. Hierdie onderwysers sal hierdie vaardighede en kennis verder kan uitdra aan omliggende skole sodat die afwentelingsbeginsel die waarde van hierdie studie uitdra. Sulke onderwysers kan in 'n projek as veldwerkers optree.

'n Geletterde jeug is 'n geletterde land. Deur dus vir die jong leerders van Suid Afrika 'n goeie wegspring geleentheid te gee deur 'n rotsvaste fondasie in hul Grondslagfase te lê, kan die uitdaging wat aan die Onderwysowerhede en elke onderwyser gestel word, oorkom word en die leerders se geletterdheid en gesyferdheid tot hoër en aanvaarbare vlakke opgehef word.

Die resultate wat uit die navorsing na vore gekom het, het bevind dat die perseptueel-motoriese intervensieprogram bygedra het om die skoolgereedheid van Graad-R-leerders in gedepriveerde omstandighede in Suid Afrika te bevorder. Die perseptueel-motoriese intervensieprogram wat tydens hierdie navorsing ontwikkel en toegepas is, kan as riglyn vir enige Graad-R-klas gebruik word.

"Learning through movement implies using movement as a means to an end, but the end is not necessarily the end of improvement in the ability of the child to move and to learn effectively. It is a means through which a child may learn more about him/herself."

Youssefi & Youssefi (2003)

7.8 BIBLIOGRAFIE

BLAIR, C. 2002. School readiness.: integrating cognition and emotion in a neurobiological conceptualisation of children's functioning at school entry. *American psychologist*, 57(2):111-127.

BRONFENBRENNER, U. & EVANS, G.W. 2000. Developmental science in the 21st century: emerging theoretical models, research designs and empirical findings. *Social development*, 9(1):115-125.

DE WITT, M. 2009. The young child in context. a thematic approach. Perspectives from educational psychology and sosiopedagogics. Pretoria: Van Schaik. 374 p.

FONTAINE, N.S., TORRE, D.L. & GRAFWALLNER, R. 2006. Effects of quality early care on school readiness skills of children at risk. *Early child development and care*, 176(1):99 -109.

JANSE VAN RENSBURG, O.J. 2010. Navorsing gedoen vir Gauteng Onderwys Departement. Mondelinge mededeling.

KAPP, J.A. 1991 [2008]. Children with problems: an orthopedagogical perspective. Pretoria: Van Schaik. 504 p

KARTAL, H. 2007. Investment for the future: early childhood development and education. *Educational sciences, theory and practice*, 7(1):543-554.

ICDL Clinical Practice Guidelines.

MINUJIN, A. & DELAMONICA, E. 2005. UNICEF international workshop on children and poverty reduction: proposal for a global monitoring programme. The definition of child poverty: a discussion of concepts and measurements. Proposal for a global monitoring programme. *Environment and Urbanization* October, 18(2) 481-500.

REYNOLDS, A.J., TEMPLE, A.J & OU,S. 2003. School-based early intervention and child wellbeing in Chicago longitudinal study. *Child Welfare League of America*, LXXXII (5):634-656

SA DoE **kyk** SOUTH AFRICA. Department of Education.

SOUTH AFRICA. Department of Education, North West Province. 2011. Orientation manual for educators, Grade R. Professional and support service.

VAN ZYL, E. 2004. The relation between perceptual development (as part of school readiness) and school success of Grade 1 learners. *Africa Education Review*, 1(1):147-159 p

YOUSSEFI, P. & YOUSSEFI, A. 2003. Sensory-Motor integration: A Perceptual-Motor approach for enhancing motor planning in children with special needs. (In ICDL Clinical Practice Guidelines: Redefining the standards of care for infants, children and families with special needs.) ICDL Clinical Practice Guidelines Workgroup (Author) www.d.umn.edu/.../motorlearning/ datum verkry 17 Des 2011. 537-556 p.